



TUINROETE POTPOURRI

28 Februarie – 7 Maart 2021

Hierdie heerlike 8-dag toer het vanjaar 'n splinternuwe baadjie, maar 'n stokou tarief en ry deur 6 van die 9 provinsies in ons land. Kom saam op hierdie toer en ervaar ál die interessantheide van die Noord-Kaap en die pragtige natuurskoon van die Klein Karoo, die Tuinroete, en die Kamdeboo, gedurende die beste tyd van die jaar.

DAG 1

Ons vertrek vroeg vanaf **Pretoria** en ry via **Roodepoort**, na **Potchefstroom**. By die **Klipdrifdam** verlaat ons die **Gauteng Provinsie** en ry **Noordwes** binne. By **Klerksdorp** stop ons eers sodat diegene wat lus is vir ontbyt, dit kan geniet. Dan ry ons verder oor **Wolmaransstad**, **Bloemhof** en dan ál met die **Vaalrivier** langs na **Christiana**. Kort duskant **Warrenton** verlaat ons die **Noordwes Provinsie** en ry die **Noord-Kaap provinsie** binne. Ons oornagplek vir vandag, is in die baie bekende **diamantstad, Kimberley**, met sy beroemde **groot gat**. Gedurende die middag gaan kuier ons by die **mynmuseum** in die stad.

Opklimpunte is beskikbaar al langs die roete.



DAG 2

Ná ontbyt val ons in die pad. Die roete gaan oor **Hopetown**, **Britstown** en **Victoriawes**. By **Drie Susters** verlaat ons die **Noord-Kaap provinsie** en ry die **Wes-Kaap** binne. Hier is dit ook nou tyd om bietjie bene te rek en dalk ook iets vir die binneste te kry. Dan ry ons verder en net buite **Beaufortwes**, draai ons links om **Oudtshoorn** – die **volstruis hoofstad** van **Suid Afrika**, deur die asemrowende **Meiringspoort** in die **Swartberg** bergreeks, binne te kom – ons oorblyplek vir vandag.



DAG 3

Eers is dit ontbytyd en dan gaan ons vir 'n prettige kuintjie by een van die **volstruisplase**, waarvoor **Oudtshoorn** só bekend is. Ons maak ook 'n draai by die **Kango grotte** en 'n **opsionele** toer deur die grotte kan onderneem word. **Die koste hiervan beloop ongeveer R 150 per persoon**. Middagete kan ook hier geniet word. Dan ry ons verder oor die asemrowende **Outeniquapas** en deur **George** na **Wilderness**, waar ons vir die volgende **2 nagte** tuisgaan.



DAG 4

'n Dag vol opwinding. Ná ontbyt vertrek ons vir 'n dag-uitstappie en gaan maak eers 'n draai by **Monkey Land**, net buite **Plettenbergbaai**. Daar is tyd vir **opsionele toere** deur die fasiliteite. Die koste hiervan beloop ongeveer R 320 per persoon per fasiliteit. Dan spandeer ons tyd in **Knysna**. Daar is tyd vir inkopies en middagete voordat ons vir 'n rustige bootvaart op die **Knysna meer** moet aanmeld. Later middag keer ons weer terug na die **Wilderness**.

DAG 5

Ons vertrek ná ontbyt. Net buite **Knysna** verlaat ons die **Wes-Kaap** provinsie en ry die **Oos-Kaap** binne. Ons het baie tyd om die pragtige **Tuinroete** te ontdek. Eers verpoos ons by die hoogste brug **Bunjee-sprong** oord ter wêreld by die **Bloukransbrug**. Dan gaan kuier ons in die pragtig geleë **Tsitsikamma Nasionale Park**, waar daar tot by die **hangbrug** by die **Stormsrivier** se mond geloop kan word en middagete ook beskikbaar is. Dan is daar ook nog die **1000 jaar-oue Groot Geelhout Boom** in die **Tsitsikamma Woud** en die ingenieurswonder – die **manjefieke brug** oor die **Stormsrivier**, voordat ons vertrek om vanaand in die heerlike **Cape St Francis** te oornag.

DAG 6

Ná ontbyt vertrek ons en gaan maak eers 'n draai op **Jeffreysbaai**. Van hier gaan die roete oor **Uitenhage** en die sybokhaar hoofstad – **Jansenville** - na die baie historiese **Graaff Reinet**. Genoeg tyd is beskikbaar om hierdie dorp met sy baie oudhede te gaan verken en veral die **N G Kerk**, wat op die lyne van die **Salisbury katedraal** in **Londen** gebou is en as die mooiste kerk in die land bestempel word, is 'n besoek werd. Later middag vertrek ons na die **Kamdeboo Nasionale Park** vir 'n genoeglike uitstappie om die son te gaan sien sak oor die pragtige **Vallei van Verlatenheid** en die reuse **dolomietkolomme**.



DAG 7

Ons moet so stadigaan begin draai, maar die dag is nog steeds vól opwinding. Ná ontbyt pak ons traag op, en kry koers na die noorde. Die roete tussen **Graaff Reinet** en **Middelburg** is baie skouspelagtig en gaan deur **2 passe** in die **Sneeuberge** – die **Naude'sbergpas** en die **Lootsbergpas**. Net buite Middelburg verlaat ons die **Oos-Kaap provinsie** en ry ons weer die **Noord-Kaap provinsie** binne. By **Colesberg** gaan soek ons eers bietjie lafenis en ry dan na **Bloemfontein**. Wanneer ons oor die **Oranjerivier** ry, verlaat ons die **Noord-Kaap provinsie** en ry ons die **Vrystaat provinsie** binne. Ons bring eers 'n besoek aan die beroemde **Vrouemonument** en vertrek dan na ons oornagplek in **Bloemfontein**.



DAG 8

Ná ontbyt moet ons ongelukkig die laaste entjie huis-toe aanpak. Die roete gaan oor **Winburg**, **Ventersburg** en **Kroonstad**. Ons kruis die Vaalrivier 'n entjie van **Parys** af en verlaat so die **Vrystaat provinsie** en ry die **Gauteng provinsie** binne. Vanaand slaap ons elkeen weer in ons eie beddens met aangename gedagtes aan 'n **wonderlike toer met pragtige herinnering**

(SIEN BLADSY 4 VIR VERDERE BELANGRIKE INLIGTING)

TOERTARIEF:

R11 350.00 per persoon wat deel

Indien enkel akkommodasie verkies word, is daar 'n Enkelbybetaling van R2 500.00

INGESLUIT:

- ☺ Luukse busvervoer,
- ☺ Goeie gehalte en-suite akkommodasie
- ☺ 2 heerlike etes per dag
- ☺ Toepaslike toegangs- en ekskursiefooie:
 - a. Toegang tot Kimberley Mynmuseum
 - b. Besoek aan Volstruisplaas
 - c. Toegang to Monkey Land
 - d. Bootrit op die Knysnameer
 - e. Toegang tot Tsitsikamma Nasionale Park
 - f. Toegang tot groot boom
 - g. Toegang tot Kamdeboo Nasionale Park
 - h. Toegang tot Vrouemonument
- ☺ Portierfootjies.
- ☺ Kundige toerleier

UITGESLUIT:

- ☹ Ontbyt op **DAG 1**.
- ☹ Middagetes
- ☹ Opsionele aktiwiteite
 - a. Toer van Kango grotte
 - b. Toer deur Monkey Land fasiliteite
- ☹ Eie uitgawes, verversings en drankies
- ☹ Versekering:
 - a. Alle risiko versekering
 - b. Mediese versekering
 - c. Reisversekering (Word sterk aanbeveel)

BESPREEK BY:

DANIE, LENTE & IZETTE:

(011)-955-3138

082-851-6215

SAVANNA TOERE behou die reg voor om geringe veranderings aan hierdie reisplan aan te bring na gelang van omstandighede en weerstoestande.

